

Bronnies presteer

Hoërskool Heilbron se laerskool-atlete het verlede Vrydag aan die Laerskool Republiek se atletiekbyeenkoms deelgeneem. Die Bronnies het onderskeidelik 65 plekke behaal, waarvan daar 17 derde plekke was, 20 tweede plekke en 28 eerste plekke. Dit was net pret en plesier om te kon deelneem en die Bronnie-naam hoog te kan

hou. Gedurende die week het die laerskool sowel as hoërskoollede deelgeneem aan die zone kampioenskappe van Heilbron en Koppies skole. Die atlete wat gekwalifiseer het in die dorpsuitdunne, gaan aan die Vaalrivier kampioenskappe deelneem in Sasolburg by die DP de Villiers Stadion. Die gees was hoog en deelname puik. Loer gerus op Hoërskool Heilbron se Facebook-blad vir meer foto's.

Foto's: Hoërskool Heilbron Facebook-blad



Dienssentrum in 'n vrolike luim



Musiek-speletjie het geheers onder die dienssentrumlede hierdie week in Heilbron. Vir elke verkeerde antwoord is die lede gestraf met suur tekergoed en vir die korrekte antwoord, bederf met 'n Smartie. Dit was baie pret! Die lede wie se musiekkennis goed was, het breed geglimlag na al die lekker soetgoed.

Dubbele geluk



Wat 'n nuwejaarsverassing! Janice Esterhuizen spog met nie net een wonderwerk nie, maar met twee. Die twee troetelbare babaseuns is op 1 Januarie 2019 gebore. Op die foto verskyn van links Siphesihle, Janice en Siphe Esterhuizen.

Skenk bloed en red drie lewens

Om bloed te skenk is 'n voorreg. Soveel lewens kan daardeur gered word. Elke eenheid bloed wat geskenk word kan 'n minimum van drie lewens red. SANBS streef om 3000 eenhede bloed per dag in te samel om seker te maak daar is genoegsame bloed in die sisteem. Vroeg gebore babas, mense wat in ongelukke betrokke is, kanker en trauma pasiënte, kinders met erge anemie en meer, is almal wat bloed nodig het. Deur jou eenheid van bloed te skenk, gee 'n ander die kans op lewe. Daarom maak SANBS dit moontlik vir Heilbronners om maklik en gerieflik hulle bydrae met bloed te kan maak. Dinsdag, 22 Januarie was SANBS in Heilbron by die NG-Suid kerkzaal. Hulle mikpunt vir die dag was 75 eenhede bloed. Die Heilbronners het bygedra met 'n totale 79 eenhede. SANBS kom besoek Heilbron ongeveer elke tweede maand.

Die voorlopige datums vir die jaar wat hulle in Heilbron beskikbaar sal wees: 26 Maart, 28 Mei, 23 Julie, 19 September en 26 November 2019. Enige iemand kan bloed skenk indien hulle 'n gesonde leefstyl het. Gaan besoek gerus die naaste SANBS en maak seker jy skenk jou bloed vir ander.

